# HOOFSTUK 9

## OPSOMMING, BEVINDINGS EN AANBEVELINGS.

"Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is : Vrees God en hou sy gebooie;" (Prediker 11: 13).

### 9.1 Opsomming van die ondersoek.

#### 9.1.1 Waarom is die ondersoek gedoen?

Gesag en verantwoordelikheid gaan hand aan hand. Aan senior uitvoerende poste is groot verantwoordelikheid verbonde, maar word ooreenstemmende gesag toegeken. Die gesagstoepassing in Transvaalse Afrikaanse hoërskole is in hierdie ondersoek bestudeer om :

- 'n prinsipiële begronding vir gesonde gesagsbeskouinge te kry;
- vas te stel hoedat beleid vir gesagstoepassing gemaak word en watter reëls en voorskrifte, metodes en tegnieke geld en toegepas word;
- die taak van die skoolhoof in die verband te bestudeer om vas te stel wat gedoen word en gedoen kan word om probleme in verband met gesagstoepassing tot 'n minimum te beperk.

#### 9.1.2 Metode van ondersoek.

Deur standpunte van outoriteite in literatuur te bestudeer en deur 'n vraelys aan skoolhoofde die opinie van opvoeders in die praktyk te bekom, is teorie en praktyk gesamentlik aan die hand van Skrifbeginsels deurskou om sodoende nastrewenswaardige norme vir gesagstoepassing te fundeer.

9.1.3 /....

9.1.3 Inhoud van die ondersoek.

Na die taakstelling in hoofstuk 1 is in hoofstuk 2 gevind dat gesag beteken : die bevoegdheid om bevele te gee en uitsprake te maak waaraan ander hulle moet onderwerp. Gesag gee die reg om te "sê" aan die gesagsdraer met "seggenskap" oor onderdaan wat hom "laat gesê" deur te gehoorsaam. Daar is gevind dat God die bron en oorsprong van alle gesag is. Die vraagstuk van vryheid en gesag in die opvoeding is kortliks bestudeer en daar is vasgestel dat die gesagskrisis eerder setel in verskillende botsende ideologieë as in die verskil tussen volwassene en kind. Die horisontalisme van die voortvloeisels uit die humanisme en by name die permissiwiteit, liberalisme, sekularisme, kommunisme, "New Left", eksistensialisme, en andere is op grond van Gods Woord te lig bevind. Hiermee saam is gewys op die gevare wat skuil in die verwarring en verwatering van Christene se beginsels wat mag voortspruit uit die Fenomenologie se metode van deurdring tot die werklikheid, maar sonder die Enigste werklikheid naamlik God en die ondersoeker se Goddelike roeping se teenwoordigheid. Uit die Christelik-pedagogiese oogpunt is die doelstellings wat met gesag in die opvoeding nastrewenswaardig is, neergelê. Met gesag moet die opvoeder wat deur sy roeping gedring word, die opvoedeling doelbewus lei tot betekenisvolle, bewuste, vrywillige en roepingsbewuste aanvaarding van sy lewenstaak of roeping. Dit gaan met gesag oor die eer van God en die behoud van die kind wat alleen deur aanvaarding van God se gesag sal kom tot vryheid in Christus, sy hoogste lewensdoel. Deur gesag word opgevoed tot vryheid waar opvoedeling, vry om te doen wat hy wil, uit eie vrye wil die goeie doen.

In /...

In hoofstuk 3 is die vraelys waarmee gegewens van skoolhoofde verkry is, behandel en verslag gedoen van die antwoorde wat ontvang is. Ten spyte van tekortkominge en probleme van die metode is nuttige en bruikbare data geïn. (Sien 9.2 p. 218, Bevindings uit die vraelys).

In hoofstuk 4 is 'n waardebepaling van die hoërskool as gesagsinstelling gedoen. Daar is gevind dat indien opvoeders voorloop en voorlewe en deur persoonlike betrokkenheid, billikheid, eerlikheid, harde werk, simpatie en koersvaste inspirering slaag om toegewyde inspanning, 'n opgevoede wil en die aanvaarding van Christelike norme by leerlinge teweeg te bring, die hoërskool 'n uitmuntende gesagsinstelling kan wees. Die leerling is verplig om die skool te besoek en op 'n besonder geskikte ouderdom, vanweë sy soekendheid en ontvanklikheid.

Gesagsdelegering is in hoofstuk 5 behandel. Dit is 'n noodsaaklike hulpmiddel wat, indien dit reg toegepas word, 'n hoof se verantwoordelikhede kan help dra en sy gesagstoepassing kan vergemaklik. Metodes van delegering is ondersoek en gevind dat organisasiekaarte, organisasiehandleidings, prosedurehandleidings en pligstate baie voordele inhou. Beplande, wetenskaplike en duidelike delegering wat rekening hou met die mens en ander toepaslike faktore en wat gewillig deur hulle aan wie gedelegeer is, aanvaar word, is 'n goeie hulpmiddel vir hoofde. Delegering het nadele en probleme, maar met tegnieke soos goeie kommunikasie, duidelike grensafbakening en die handhaaf van goeie mensebetrekkinge kan gesagsdelegering nie slegs in die korttermyn baie voordelig gebruik word nie, maar sal dit op die

langtermyn die voordeel van personeelopleiding teweegbring.

In hoofstuk 6 is gelet op die noodsaaklikheid van dissipline en skoolreëls. Om te veel reëls te hê is nadelig en reëls moet opvoedkundig verantwoordbaar wees en tot selfdissipline lei. Volgens hoofde het skoolreëls as gevolg van hoofsaaklik twee redes ontstaan :

- dit is noodsaaklik vir die skool ten einde te verseker dat die opvoedingsprogram ordelik tot voordeel van almal kan verloop; en
- dit is noodsaaklik vir die leerlinge self om hulle te leer om gesag te aanvaar en hulle te lei tot verantwoordelike, selfgedissiplineerde burgers met waardering vir orde, netheid, samewerking en ander norme van 'n Christelike gemeenskap. Op die wyse aksepteer hulle die belangrike beginsel dat ware vryheid vryheid binne die wet is. Daar is gevind dat alhoewel onderlinge verskille bestaan, eenstemmigheid bereik kan word oor die volgende : dissipline en reëls is nie 'n doel op sigself nie, maar hulpmiddels om meer verhewe opvoedingsdoelstellings te bereik; die gevaar van te veel moenies is uitgewys naamlik dat onselfstandige besluitlose mense gekweek word wat onder die indruk verkeer dat elke ding wat nie uitdruklik verbied word nie, toelaatbaar is.

Hoofstuk 7 het gehandel oor die demokratiese beginsel se toepassingsmoontlikhede in hoërskole. Deur die versigtige toepassing van die stelsel kan aan ondergeskiktes en veral aan leerlinge groter medeverantwoordelikheid in die skool se gesagstoepassing gegee word. Op die wyse mag 'n bydrae gelewer word om die nypende tekort aan leiers te help oplos en kan mense wat selfstandig kan dink en verantwoordelik kan optree as eindprodukte gelewer word. Die demokratiese gedagte het mooi toepassingsmoontlikhede, sal skool, gemeenskap, onderwysers,

ouers en leerlinge bevoordeel, maar dan moet dit in perspektief gesien word as 'n hulpmiddel om die uiteindelike doelstelling van die opvoeding te help bereik. Deur meer demokraties te regeer, moet gestrewe word om beter op te voed en beter samewerking te verkry sodat die hoofdoel van die opvoeder verwesenlik word naamlik om sy opvoedelinge te lei om binne die huidige tydsgewrig en kultuur God se roeping te hoor en verantwoordelik daarop te antwoord.

In hoofstuk 8 is die skoolhoof in sy kantoor behandel. Sy taak, benodigde cienskappe en probleme is inleidend aangeraak en daarna is redelik volledig gelet op noodsaaklike hulpmiddels om gesagsprobleme te beperk of te voorkom. Sy belangrikste hulpmiddels soos goeie dissipline en tug, goeie menseverhoudings waarmee ouers betrek word, personeel gelukkig gehou word en leerlinge ontplooi, is behandel. Verder is tegnieke soos geprogrammeerde kontrole, beraadslaging, besluitneming en 'n geskrewe skoolbeleid behandel. Dat 'n hoof moet probeer om 'n Christelike atmosfeer in sy skool te skep en eksamenuitslae in perspektief te stel, is aangetoon. Verder is aangetoon dat roepingsbewustheid, liefde, kragdadige leierskap en die vermoë om te besiel en te inspireer, nodig is en teenwoordig moet wees om hoofde se gesagsprobleme te verminder. Daar is ook aangetoon dat studie, om kennis van omstandighede en tegnieke te bekom, hoofde se gesagtoepassing kan vergemaklik. Hierdie hoofstuk kon aandui dat alhoewel hoofde 'n groot taak het wat skynbaar progressief in moeilikheidsgraad toeneem, hulle nie alleen hoef te staan nie maar beskik oor hulpmiddels en tegnieke en veral hulp van Bo om hul roeping uit te leef, want :

Hy /....

"Hy wat julle roep, is getrou; Hy sal dit ook doen".
(1 Thes. 5: 24).

## 9.2 Bevindings met die ondersoek.

### 9.2.1 Uit die vraelys.

Met die vraelys is gevind dat hoofde van Afrikaanse hoërskole wat die vraelys beantwoord teruggestuur het, almal Afrikaans as huistaal gebruik. Die meerderheid (52,2%) het nog nie vyf jaar ondervinding nie.

Wat skoolreëls betref, maak 66% gebruik van geskrewe skoolreëls en 87% se skoolreëls is nie aan die Transvaalse Onderwysdepartement bekend nie. Alle skole het haarstylvoorskrifte vir seuns en vir dogters. 'n Skool se reëls word meestal deur hoofde en personeel by personeelvergaderings opgestel, 63%. Skoolhoofde is die mening toegedaan dat die skool se gesag ook buite die skoolhek en na skoolure oor sy leerlinge se private lewe geld. Die strengheidsgraad van skoolreëls verskil onderling en vir haarstyle is daar 46% hoofde wat meen hul skool se voorskrifte is strenger as die van buurskole en 80% wat strenger norme stel as wat ouerhuise oor die saak toepas. Hoofde vind min probleme met ongehoorsaamheid ten opsigte van seun-dogterverhoudings en kleredragvoorskrifte, maar met haarstylvoorskrifte is die probleme talryker (45%). Die meerderheid (67%) skoolhoofde laat nooit toe dat leerlinge by skole dans nie. Hoofde vind (84%) dat leerlinge gesag spontaan aanvaar. Senior leerlinge het enkele voorregte bo juniors en 51% van die hoofde skei seuns en dogters nie tydens pouses nie.

Alle /....

Alle skole waarvan in die vraelys kennis geneem is, het 'n leerlingraad of prefektestelsel en 91% van die hoofde weet aan watter kerk hul hoofseun behoort. By slegs 16% word die leerlingraad suiwer demokraties deur leerlinge alleen verkies terwyl die meerderheid gebruik maak van 'n stelsel waar personeel en leerlinge gesamentlik stem vir 'n leerlingraad, uit leerlinge wat volgens personeel-vetoreg vir die raad aanvaarbaar is (75%). Van die hoofde is daar 93% wat redelik tevrede is met leerlinge se smaak by leerlingraadsverkiesings. Die leerlingraadslede as persentasie van die skool se totale leerlingtal is 3,1%. Die belangrikste funksie van die leerlingraadstelsel is dat dit aan jong leiers die geleentheid gee om hul leierskap te ontwikkel. Tweedens help dit met die handhaaf van orde. Dit het derdens die voordeel dat dit 'n demokratiese gees in die skool help skep.

Hoofde is van mening dat hoofskap die afgelope drie jaar moeiliker geword het. Hulle verkies om liefs te streng as te min te dissiplineer (85%) en glo dat die onderwyskorps geskikter as die ouers of die staat is om die doelstellings vir die opvoeding te formuleer (69%). 21% van hulle streef nog doelbewus na verdere bevordering, terwyl 52% verdere bevordering sal oorweeg as dit op hul pad kom. Hoofde het geskrewe personeelhandleidings (91%) en almal glo dat lyfstraf noodsaaklik is. Feitlik alle skole (99%) het prestasietoekennings vir leerlinge wat goed presteer. Dit word hoofsaaklik in akademiese, sport en kulturele terreine toegeken. Die hoofdoel met die toekennings is aanmoediging, erkenning en motivering.

Hoofde vind dat gesagsdelegering noodsaaklik is, pas dit op

feitlik alle skoolterreine toe en ondervind dat kontrolering sonder om vertroue te skok die belangrikste probleem by delegering is.

Die grootste enkele probleem by skole is om geskikte personeel vir die verskillende poste te vind.

Ouers ondersteun die skool se gesag oor die algemeen goed en hoofde is van mening dat verreweg die meeste ouers 'n baie streng skool verkies. Hulle grootste strafmiddel vir dogtersoortreders is dan ook om die ouers se hulp in te roep.

Hoofde maak gebruik van demokratiese metodes en betrek ouers, leerlinge en personeel by besluitneming. Die meeste van die hoofde gee egter die meeste van hulle beslissings sonder raadpleging. Daar is 73% van die hoofde wat oor sekere norme nie bereid is om te redeneer nie en wat in die sake summiere gehoorsaamheid eis. Die norme is hoofsaaklik Christelike aspekte. Volgens hulle is die belangrikste kenmerk van 'n goeie besluit dat dit die einddoel bereik.

Hoofde voel dat 'n hoof se vrou nie 'n pligstaat by sy skool het nie, slegs op uitnodiging daar moet help en haar man onderskraag en bystaan met sy sosiale verpligtinge. Tussen 65% en 80% van die hoofde besluit eenders in seun-dogter-verhoudinge terwyl hulle presies in twee groepe verdeel is wanneer 'n standerd sesdogter "kys" met 'n standerd nege- of tien-seun. (45% wil daarteen waarsku en 46% is van mening dat dit in orde is.)

Hoofde se voorkeurorde vir hul hulpmiddels by die neem van besluite in gesagstoepassing (uit gegewe alternatiewe) is :

1. eie ervaring en lewensbeskouing;
2. samesprekings met vise-hoofde en kollegas;
3. dit wat hulle by hulle hoofde geleer het;
4. samesprekings met ouers;
5. lees van opvoedkundige lektuur;
6. formele studie in die opvoedkunde.

Hoofde se voorkeurorde vir ideale vir hul skole (as keuse tussen gegewe alternatiewe) is :

1. die skool moet leerlinge opvoed, leer om te gehoorsaam en in goeie burgers, in landsbelang te ontwikkel;
2. skole moet leerlinge toerus vir hul verdere lewe;
3. leerlinge moet volgens vermoë maksimaal presteer;
4. leerlinge moet gelukkig wees;
5. die skool moet die gemeenskap dien.

Hoofde gee onderstaande rangorde (uit gegewe alternatiewe) as die moeilikste in hul gesagstoepassing :

1. optrede teen personeel oor pligsversuim;
2. toepassing van <u>alle</u> regulasies soos deur T.O.D. vereis;
3. inskerping van waardes en beginsels by leerlinge deur bepaalde <u>eise</u> aan hulle te stel;
4. straf van leerlinge oor wangedrag;
5. straf van leerlinge oor pligsversuim.

9.2.2 Uit geraadpleegde bronne.

Daar bestaan 'n sterk revolusionêre en on-Christelike stroming in opvoeding. Die hele gesagskrisis in die opvoeding setel in die stryd tussen magte wat God nie erken nie en die

Christelike /.....

Christelike lewensbeskouing.

Om die jeug nie te verloor nie moet die Christenopvoeders en Christelike opvoedkunde ook bereid wees om veranderings te maak, nie aan hul uitgangspunt en beginselgrondslae nie, maar aan hulle metodieke.

> "Ook vir ons mag die status quo nooit normaties wees nie - dit moet in die lig van Skrifnorme hervorm word .... Die egte Christelike siening van gesag, vryheid en demokrasie moet gekweek word ... Die jeug moet gehelp word om sy roeping en taak binne die groot organisasie te sien sodat hy nie daarteenoor te staan kom nie". (Van Wyk, 1973, p. 172).

Opvoeders mag nie verstar in selftevredenheid nie. Dit sal nie help om die oë en ore te sluit vir die aanslae teen die behoudende, die konserwatiewe en die Christelike nie. Die Christen sal met louheid, gemaksugtigheid en stagnasie sy eie saak net soveel skade doen as wat enige vyand dit kan doen.

Vir hierdie studie kon baie geput word uit die werke van DIE CHRISTELIKE OPVOEDKUNDE VERENIGING VAN SUID-AFRIKA (COVSA). Hierdie skrywers verdedig die Christelike opvoeding met besieling en liefde en maak 'n geweldige bydrae om vir die student velde te ontsluit wat om meer as een rede vir hom ontoeganklik sou wees.

Uit die bronnestudie blyk duidelik dat dit wel sal wees in die opvoedingsinstelling waar God regeer.

9.3 Verandering is noodsaaklik. Elke ondersoeker kom seker êrens tot die

slotsom /....

slotsom dat verandering noodsaaklik is. Met gesagstoepassing is dit ook die geval. Die risiko bestaan dat met verkeerde gesag, wat die opvoeder se gerief as hoofdoelstelling het, skade gedoen kan word. Opvoeders wat dit ernstig bedoel, sal voortdurend verantwoording moet doen aan hul eie gewetens : "Wat bereik ek met my gesagseise?" Die moontlikheid bestaan dat meer verloor as gewen word. As skoolorde die wins is en die prys wat daarvoor betaal word, is kinders "wat klaar is met die norme van die skynheiliges", dan moet weer gedink word, want dan bereik gesag presies die teenoorgestelde van dit wat dit wou. Dan skep gesag revolusionêres en opstandelinge.

Schutte sê : "As ons luister na wat kritici van die moderne skool sê, kan ons werklik so 'n ver ent met hulle saamgaan dat mens wonder waar ons dan verskil. Kom ons kyk na 'n paar tendense. Het ons nie werklik vandag so ver gevorder dat ons die heil in die wet, die vorm, die instituut sien nie. Dit is so dat die skool so dikwels sy eie doelstellings neutraliseer". (1973, p. 151).

Hy gaan verder en wys op dinge wat nie reg is in skole nie, maar wys dan baie beslis daarop dat die Christenopvoedkundige se kritiek teen die bestaande skoolstelsel baie verskil van die "alternative schoolers". Die Christenopvoeder sal voortdurende hervorming, maar nie revolusionêre ommekeer nie, voorstaan. (Ibid.)

As dieselfde skrywer sê (in dieselfde bron p. 154) "Ons stem saam, verandering is noodsaaklik, maar dit moet nie verandering wees bloot om iets anders, iets snaaks, iets eksklusiefs, iets skokkends, iets "oorspronkliks" te wees nie. Soos Mortimer Smith sê :

> "But change must be based on something more substantial than the slogans, ideological zealotry, and utopian sentimentality that

all /....

all too often mark the movement for alternative schools" (Phi Delta Kappan, LIV, 7, Mch '73, p. 441 - 3)."

As hier enkele sake vir oorweging genoem word, is dit met die beskeie doel voor oë dat dit moontlik mag bydra om te voorkom dat "gesag ter wille van gesag" dieselfde fout maak as "vryheid ter wille van vryheid".

* Vraag 5 het aan die lig gebring dat 33% van die hoofde haarstyl-voorskrifte vir proefstudente het. Onder wie se gesag besoek 'n proefstudent 'n skool? Opvoedkundefakulteite en skoolhoofde moet hierdie saak saam uitmaak. Hier kan mense vir die onderwys (en hoërskoolonderwysers is skaars) verlore gaan.

* Vraag 8 wys dat een uit vier hoofde sal optree teen leerlinge wat hulle ouers se motor op 'n openbare pad sonder lisensie bestuur en een uit agt sal optree teen leerlinge wat tuis saam met hul ouers alkoholiese drank (matig) gebruik. Is dit reg? Waar eindig die skool se taak? Dit wil voorkom of 'n program opgestel moet word waarmee ouers voorligting moet ontvang. Dit sal nie help om by die skool te tug vir sake wat die ouer in orde vind nie. Ouer-opvoeding is blykbaar 'n vereiste en voorligting aan en samesprekings met ouers moet begin word, maar is dit ook die skool se taak?

* Vraag 9 toon aan dat 63% van hoofde dans nie by hulle skole toelaat nie en dat 4% dit heeltemal veroordeel. Kan die verskil tussen skool en skool ooit sinvol en op beginselgrondslag vir leerlinge verduidelik word? 67% van die matrikulante sal hierdie jaar nie by hulle skole mag dans nie en 33% sal wel mag. In die 33% gevalle waar gedans mag word, sal weer 'n persentasie wees wat nie kan meedoen nie. Is hierdie 'n saak wat met meerderheidstem by 'n beheerraadsvergadering of personeelvergadering besluit kan word?

* Daar is 93% van die hoofde wat vind dat die leerlinge by 'n leerling-raadsverkiesing goed of uitstekend stem. Kan dit dalk daartoe bydra dat leerlingraadsverkiesings meer demokraties geskied? Die opvoedkundige waarde hiervan is seker voldoende bewys (vraag 20).

* Skole het probleme met seuns se haarstyl. Dikwels word een of ander hoof in die koerant oor die saak aangeval. Die 46% hoofde wat van

mening /....

mening is dat hulle strenger is as ander hoërskole, sal sekerlik graag die steun van kollegas in die saak wil hê (vraag 22).

* Volgens hoofde het hul verantwoordelikhede en probleme die afgelope drie jaar beslis toegeneem (vraag 24). As hoofde hul organisasie en administrasie moet beplan, hul skole se opvoedkundige, akademiese, sport- en kulturele programme moet inisieer, koördineer en kontroleer en as hulle personeel moet werf, motiveer, aktiveer en kalmeer en moet toesien dat leerlinge tot volle aktualisering kom, sal hulle bepaald hulp moet kry. Die volgende aanbevelings kan aandag geniet :

  - Meer gesag, om beslissings vir die beswil van hul skool en leerlinge te maak, kan aan hulle toevertrou word.
  - Periodieke opknappingskursusse, maar veral en beslis 'n kursus voordat diens as nuutaangestelde skoolhoof aanvaar word. Die Transvaalse Onderwysdepartement het in 1975 so 'n kursus aangebied en verdien lof daarvoor. Hierop kan uitgebou word.
  - Eenvormiger stelsel van reël en voorskrif sal almal se taak vergemaklik. Daar is studiekomitees vir vakke. Hulle stuur nuttige nuusbriewe, die resultaat van navorsing, aan vakonderwysers. 'n Studiekomitee van skoolhoofde, in samewerking met 'n Universiteit se opvoedkundefakulteit kan nuusbriewe opstel oor aktuele aangeleenthede binne die hoof se vakgebied en sodoende sy studielas verminder, maar terselfdertyd verseker dat hy nie verstar nie en op datum bly met sy taak en tendense en gevare en probleme.

* As laaste saak verdien dit genoem te word dat as verandering bepleit word, dit sinneloos sal wees om te vra vir bietjie strenger optrede hier en bietjie meer vryhede daar. Waarom gaan dit nou eintlik? Afrikaanse Christen-skoolhoofde, as daar veronderstel word dat almal dit wel is, sal moet kennis neem van die fanatiese drang by hul volk en godsdiens se vyande, om klaar te speel met die nasate van die Voortrekker. "As die fondamente omgegooi word, wat kan die regverdige doen?" (Ps. 11: 3). Schutte waarsku :

> "Die Christen se louheid, stagnasie, gemaksugtigheid het in die verlede al meer as een keer 'n beskuldigende vinger na hom laat wys. Ek glo dat ons groot taak is om spoedig daardie vorme te kry, te skep wat vandag ons Christelike opvoedkundige beginsels

effektief sal huisves, bevorder en verwesenlik. En dit nie omdat die gemeenskap of die tyd of die noodsaak dit eis nie maar om God daarmee te eer en te dien". (1973, p. 154).

Hierdie studie het dit wat hierbo gesê is, maar weer as dringend bewys.

## 9.4 Aanbevelings.

### 9.4.1 Voortspruitend uit die ondersoek.

* Christenopvoeders sal opnuut moet besin oor hul roeping en waarom dit eintlik gaan, anders sal ook hulle verval in sy-spore waar middele as 'n doel aangesien word en waar almal tevrede is solank goeie mense die eindproduk van skole se bemoeienis met die jeug is. Vae godsdienstigheid en half-hartige opvoeding pas nie by die eise van die tyd nie. Daarvoor is die aanvalle teen die Christelike geloof te fanaties.

* Hulpverlening van die Onderwysdepartement in die vorm van Weerbaarheidsprogramme vir leerlinge is 'n noodsaaklike hulp-middel, maar 'n lewens- en - wêreldbeskoulike keuring of op-leiding van bestaande en nuwe opvoeders is essensieel. Waar 'n besielde en inspirerende Christen voor die klas of in die kantoor diens lewer en met ywer en daadkrag sy lig laat skyn omdat hy sy lewenstaak as roeping van God ervaar, is 'n Weerbaarheidsprogram vir leerlinge nouliks nodig. Opvoeders moet weerbaar gemaak word, weerbaar teen moedelose, materialistiese fatalisme.

* Elke beskikbare tegniek moet bestudeer en aangewend word om die opvoedingsideale te verwesenlik. Vir hoofskap is kennis nodig - 'n besondere soort vakkennis wat tans nie binne een fakulteit alleen aangebied word nie. Dit het baie van die filosofie, teologie, psigologie, pedagogiek en sosiologie in, maar nog vele ander kan as mede-noodsaaklik genoem word. Voortgesette navorsing moet hoofde met kennis toerus vir steeds toenemende eise. Samewerking met universiteite moet hiervoor gesoek word.

Hoofde /....

* Hoofde behoort periodieke samesprekings te hou om sodoende van mekaar te leer. Op die wyse kan die onderwys en opvoeding net baat. Die hoofdekringe wat bestaan, mag as beginplek dien vir 'n belangegroep en studiegroep.

* Die eksamenstelsel en kompetisies tussen skole verdien steeds aandag. Daar moet onthou word dat dit ook belangrik is, maar nie die enigste of belangrikste take nie.

* Daar word onnodig baie oor die oppervlakkige en nie-essensiële in gesagstoepassing gespekuleer. Sodoende word die jongmens moontlik as gevolg van beuselagtighede en pogings om reëls, wat nie op beginselgronde gefundeer is nie, te motiveer, weggedryf van gesag. Gesagseise moet op beginsels staan en almal moet weet dat die kruks van die saak is dat die mens sal moet kies of hy medebouer en medewerker wil wees of nie.

9.4.2 Vir verdere navorsing.:

* Hierdie studie het oor die hele skool se gesagsproblematiek gegaan. Enige faset van die ondersoek sou 'n volledige studietema kon wees. So verdien gesagsdelegering alleen byvoorbeeld baie beslis die aandag van navorsers.

* 'n Vergelykende studie tussen Afrikaanse- en Engelse hoërskole se gesagstoepassing of met 'n land oorsee mag meer lig op die saak werp.

* In die studie is aan hoofde gevra wat hulle mening van ouers en leerlinge se siening oor gesag is. Ouers se siening oor wat hulle van 'n skool verlang, behoort by hulle self uitgevind te word. Sodoende kan ouer en opvoeder nouer saamwerk en mekaar beter aanvul. Wat dink leerlinge van gesag? Wat hinder hulle? Wat wil hulle? Hier lê 'n mooi studieterrein.

* Hoeveel ideale skoliere wat uit en uit die Christelike lewensbeskouing huldig, behou die ingeslane weg na skoolverlating?

* Waarom bestaan daar by sommige jongmense 'n antipatie teen die Christelike? Is dit as gevolg van opvoeding tuis of

omdat /....

omdat hulle verkeerdelik ingelig word? Of is dit moontlik omdat hulle deur verkeerde gesag afgestoot word?

* Die tekort aan personeel vereis dringende navorsing van hoe meer werk met minder mense gedoen kan word. Watter persentasie van die land se gegradueerde mannekrag is reeds in die onderwys ten spyte van die nypende tekort? Daar moet nou nie meer na mans in die onderwys gesoek word nie, maar na metodes om met min, goed klaar te kom.

## 9.5 Slotopmerkings.

Die taak is omlyn.

"Die taak van die skool sal dan wees om die kind -

- te leer wat goed is;
- te besiel vir wat goed is;
- te dissiplineer in wat goed is". (Postma, 1921, p. 26).

"Hier is niet alleen maar de school in het geding, - het gaat hier om een belijdenis. Het gaat hier om de verhouding van God tot zijn wêreld" (Waterink, 1961, p. 69).

"Die doel en funksies van die middelbare skool kan soos volg kort saamgevat word :

Dit moet in die eerste plek aan die meer begaafde en gegoede kind gevorderde onderrig in kennis en wetenskap as grondslag vir verdere akademiese studie of as toelating tot die meer geskoolde beroepskole gee. Dit moet tweedens aan die leerlinge die nodige en genoegsame voorbereiding vir die behoorlike vervulling van hul burgerlike pligte gee dit wil sê dit moet hulle sosiaal bruikbaar maak. Dit moet leerlinge in die derde plek voorberei vir die goeie en gesonde besteding van hul vrye tyd soos welopgevoede mense dit doen, dit wil sê dit moet hulle indiwidueel-kultureel vorm. En dit moet in die vierde plek veral aandag aan hul sedelike-godsdienstige vorming gee. Die middelbare skoolkind het veral grondige en beginselvaste godsdiensonderwys nodig. 'n Middelbare skool wat in hierdie opsig die kind verwaarloos, kan hom nie in

die ware sin van die woord prakties opvoed nie". (Coetzee, 1962, p. 55).

Die oes is wel daar. Volgens prof. J.H. Jooste, Direkteur van Onderwys in Transvaal aan John Smith :

"Wat is u beeld van die jeug van vandag?"

"Ek dink ons jeug is beter voorberei vir die toekoms, vir die moeilike toekoms, as wat óns was. Omstandighede maak ons jongmense gouer volwasse en ons jongmense het sekere eienskappe wat vertroue wek. Ek dink ons jongmense is eerlik. Hulle is selfs eerliker, dink ek, as wat jongmense was toe ons daardie ouderdom gehad het. Ek dink ons jongmense het moed vir die toekoms. Hulle is nie bang vir die probleme nie, hulle sien kans om die probleme op te los. Ek het baie vertroue in ons jongmense. Ek dink werklik ook dat ons jongmense die geleentheid kry om leierskap te ontwikkel en dat ons vandag sterker leiers reeds op skool het as wat ons vroeër jare gehad het". (Smith, 1976, waar hy Jooste aanhaal, p. 5).

En die werk word waardeer.

"Die status van 'n onderwyser is 'n plek in die hart van 'n kind. Daardie plek sal later die bron van inspirasie en die kragbron van daadkrag vir daardie kind wees. Kyk na enige suksesvolle man en gaan doen navraag by wie hy skool gegaan het en daar sal vir u lig opgaan en u sal weet hoekom daardie man 'n sukses gemaak het.

"U as onderwysers besef dit waarskynlik nie elke dag nie, maar ons wat daar buite staan, ons weet dit beter as wat u sal weet: wat 'n woord van belangstelling, 'n klap op die skouer en 'n kyk van aanmoediging vir ons beteken het om te kan voortbou in later jare op fondamente wat u moeisaam en met groot toewyding gebou het nie". (Vorster, B.J., 1976, p. 3).

Daarom moet die Christenopvoeder hom nie deur mense van koers laat dwing nie en die hand aan die ploeg slaan, want

- daar is 'n taak en roeping,
- daar is 'n toekomsverwagting en kosbare oes

E N

"Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan mense". (Hand. 5: 29).

Dan sal opvoeder en opvoedeling gesamentlik vra :

"Sal U ons nie weer lewend maak,
sodat u volk in U bly kan wees nie". (Ps. 85: 7).

## SUMMARY

## SOME ASPECTS OF AUTHORITY (DISCIPLINE) AS PRACTICED IN THE AFRIKAANS HIGH SCHOOLS IN TRANSVAAL

1. Reason for the investigation.

Authority and responsibility go hand in glove. Senior executive posts carry heavy responsibilities, but are vested with corresponding authority. The implementation of authority in Afrikaans High Schools has been studied to ascertain :

- a fundamental foundation for a healthy approach to the question of authority;
- how a policy of authority is compiled and which rules and regulations, methods and techniques be implemented.

The task of the school principal has further been studied to ascertain what is being done and what can be done to minimize problems in connection with the implementation of authority.

2. The method used for the investigation.

By studying the attitude of authority in literature; through the medium of a questionnaire sent to school principals and by application of the principles set down in the Holy Scriptures, a standard for the application of the vested authority could be formulated.

3. Finding.

3.1 Summary of the contents :

Chapter 1. In this chapter the concept formulation, the aims of


and /....

and the reason for the investigation were stated.

Chapter 2 discusses authority as the ability to give instructions and take decisions by which others must abide. Authority means "to have control over". God is the source of all authority. It has been found that the authority-crisis in education is seated rather in ideological differences than in the difference between adult and child. On the authority of God's Holy word communism, liberalism, permissiveness, etc., were weighed and found wanting. The dangers lurking in the confusion and weakening of Christian principles are discussed. It is further stated that under the correct authority the educated, who is free to do as he wishes, chooses the Path of Truth.

In Chapter 3 the questionnaire is discussed and an account given of the replies received. Despite shortcomings in the questionnaire, valuable data was collected.

In Chapter 4 a valuation of the authority vested in a high school was assessed. It is declared that a high school would be an excellent institution for authority if dedicated educators, through personal involvement, honesty, hard work, sympathy and inspiration could succeed in influencing pupils to dedicated effort, determination and the acceptance of Christian values.

Delegation of authority is considered in Chapter 5. It is an expedient which, used correctly, can be of inestimable value to a principal. Methods of delegation are discussed.

In Chapter 6 attention is given to the necessity of discipline and

school rules. Rules must be reasonable and lead to self-discipline. According to principals, school rules originate mainly as a result of two reasons :

- it is imperative for a school to ensure that everyone benefits from the educational programme;
- it is imperative that the pupils themselves learn to respect authority and to lead them to responsible self-disciplined citizenship with respect for order, co-operation and the bonds of a Christian community. Discipline and rules are not an aim in themselves, but are aids to more elevated educational objectives. The danger of too many "don'ts" is that undecided, irresolute people, who are under the impression that everything which is not specifically forbidden is permissible, will emerge.

Chapter 7 deals with the implementation of the democratic principle in high schools. With careful application of the system, subordinates, especially scholars, can share in the application of this authority. In this manner a constructive contribution can be made to solve the problem of the shortage of leaders, resulting in responsible, self-reliant people.

The school principal in his office is considered in Chapter 8. His task, character and problems are discussed, and full consideration given to aids for the prevention of problems in regard to discipline. The most important accessories namely discipline, sound human relationships, a happy staff and pupils are studied. A principal must maintain a pious atmosphere in his school. It is further pointed out that vocational consciousness, love, strong leadership qualities and the ability to inspire are essential characteristics in a principal. This chapter explains that although principals are entrusted with a task which would probably become progressively more

difficult, they could call on help from above :

> "Faithful is he that calleth you, who also will do it".
> (1 Thes. 5: 24).

In Chapter 9 the summary of the contents, the findings from the literature and the recommendations are given. The important findings from the questionnaires have been used through the whole contents, and some interesting facts emerged, which are briefly as follows :

- The majority of principals of Afrikaans High Schools who completed the questionnaire were Afrikaans-speaking.
- 52,2% of the principals have had less than five years' experience.
- 66% of the schools have written school regulations. 87% of these regulations have not been submitted to the Transvaal Education Department.
- 63% of the principals are of the opinion that the school's authority also applies after school hours outside of the school gates.
- With regard to hairstyles 46% consider that their rules are more strict than neighbouring schools, and 80% have stricter rules at school than those enforced by the parents.
- 67% allow no dancing at school whatsoever.
- 84% find that pupils comply spontaneously with school rules.
- 51% do not separate boys and girls during breaks.
- 91% know to what church denomination the head prefects belong.
- 16% practise democratic prefect elections by pupils.
- 75% hold prefect elections where both teachers and pupils vote.

The greatest single problem at schools appears to be in finding suitable staff for the various posts. Parents support the school's authority and principals are of the opinion that the majority

of parents prefer a strict school.

Principals are of the opinion that their wives are not in duty bound to partake of any work at school, but that on invitation they may help.

A list of preferences for arriving at decisions in regard to authority is given.

A further list of preferences for ideals for their school is also given, as well as a list of the tasks which principals find most difficult in their application of the authority vested in them.

The findings from the literature are mainly as follows :

There appears to be strong, revolutionary, unchristian attitude in education, the whole crisis being seated in the conflict of forces which do not acknowledge God and the Christian philosophy. It appears that change is imminent, the problem being where changes are to be made. Mortimer Smith says : "But change must be based on something more substantial than the slogans, ideological zealotry, and utopian sentimentality that all too often mark the movement for alternative schools".

The following recommendations are given :

Christian educators will have to reflect on their vocation lest they fall into the trap where the means are regarded as the end, and where everyone is satisfied as long as good citizens are the end product

of /....

of their work as teachers. Vague devotion and half-hearted education do not meet the demands of the present time. The onslaught against Christianity is too fanatical.

Too much is speculated about the superficial and non-essential in the implementation of discipline. Young people are driven away from authority by attempts to enforce rules, which were not founded on sound and strict principles. The demands of discipline must rest on sound principles and the child must be led to decide for himself whether he wishes to build on these principles.

Problems encountered in this investigation which require further research are mainly :

- How many ideal scholars who are dedicated Christians remain thus once they leave school?
- Why does an antipathy towards religion exist in so many young people? Is it as a result of their upbringing or have they received wrong religious instruction?
- The shortage of staff requires urgent research on the question of how more work can be done with fewer people. What percentage of our country's graduated manpower is connected with education, despite the critical shortage? We must no longer look for men in the educational field, but certainly at methods by which we can ultimately manage to do more work with fewer men. Educational research should enter this field of study.

In conclusion it is stated again that all is well in a school where God is the authority in the hearts and minds of principal, teachers and pupils.